

fynkam aftrede

Aftreehervormings só verduidelik

Die nasionale tesourie se aftreehervormings duur voort, met nog maatreëls wat in Maart 2016 in werking tree. Ons bekyk dié veranderings en hoe dit pensioenarisse sal raak.

Deur Buhle Ndweni

net sowat 5% van Suid-Afrikaners sit genoeg geld weg vir hul aftrede, sê Brian Butchart, besturende direkteur by Brenthurst Wealth.

Pensioenarisse put hul aftreespaargeld gevolglik dikwels voortydig uit en raak dan van familie of regeringstoelae afhanklik. Om dit te verhinder, het die nasionale tesourie hervormings voorgestel om mense aan te moedig om vir hul aftrede te spaar.

Die tesourie se wysigingsmaatreëls beteken jou aftreespaargeld sal outomaties bewaar word wanneer jy van werk verander en jou voordeel sal na 'n annuïteit omgeskakel word wanneer jy aftree, teenoor die huidige situasie waar jou geld outomaties in kontant uitbetaal

Belastingaftrekkingsvoordele sal ook aan voorsorgfondselede toegestaan word, maar die belastingaftrekbare bydrae sal beperk word tot

27,5%

van die belásbare inkomste of R350 000 per jaar vir hoë-inkomsteverdieners.

word, verduidelik Hugh Hacking, hoof van Old Mutual Corporate Consultations.

Lede van voorsorgfondse sal egter steeds al hul aftreespaargeld in 'n enkelbedrag kan uitneem wanneer hulle uit hul werk bedank, met belastingimplikasies. As alternatief kan

hulle hul geld by 'n finansiële instelling bewaar, of by hul vorige of nuwe werkgewer – sonder belastingimplikasies, as spaarmotivering.

By aftrede sal voorsorgfondselede egter ook verplig wees om minstens twee derdes van hul aftreespaargeld in 'n annuïteit of pensioen te omskep, pleks van 'n eenmalige groot som geld uit te kry.

Belastingimplikasies

Vanaf Maart 2016 sal die nasionale tesourie die belastinghantering van fondsbydraes in voorsorg-, pensioen- en annuïteitsfondse in ooreenstemming bring.

Belastingaftrekkingsvoordele sal ook aan voorsorgfondselede toegestaan word, maar die belastingaftrekbare bydrae sal beperk word tot 27,5% van die belabare inkomste of R350 000 per jaar vir hoë-inkomsteverdieners.

Alle groei, rente en dividende wat in die pensioenfondse, voorsorgfondse of uitree-annuïteit



Renee Eagar
Finansiële raadgewer by
Brenthurst Wealth



Brian Butchart
Besturende direkteur by
Brenthurst Wealth

WAT DIE HERVORMING VIR VOORSORGFONDSLEDE BETEKEN

Sedert Maart vanjaar word voorsorgfondse meer soos pensioenfondse hanteer. Dit beteken egter nie die einde van voorsorgfondse nie.

Voor die hervorming kon pensioenfondselede 'n derde van hul totale voordele in kontant ontvang, terwyl twee derdes vir die res van die lid se lewe as pensioen uitbetaal is. Die voorsorgfondselede, daarenteen, kon een onttrekking voor aftrede en hul volle voordeel in 'n enkele kontantbedrag uitbetaal kry.

Ingevolge die nuwe hervormingsmaatreël sal 'n lid wat met ingang van Maart 2015 – toe die maatreël in werking getree het – 55 of ouer was, geen verandering in toegang tot hul fondse ervaar nie. Dié voorsorgfondselede sal steeds geregtig wees op die voordele van die voorsorgfondstruktuur soos ons dit tans ken, sê Butchart.

As die aftreefondselede nog nie 55 was toe die maatreël in werking getree het nie, sal die gevestigde waarde in sy of haar fonds notarieel gesertifiseer word. “Daardie deel van jou fondse, sowel as die groei op daardie deel van die fondse, sal [ingevolge] die toepaslike belastingbedeling hanteer word, soos voorheen die geval was. Addisionele premies en groei ná die effektiewe datum sal ooreenkomstig die nuwe belastingbedeling hanteer word en sal op dieselfde manier as 'n pensioenfondse in 'n annuïteit omskep word by aftrede,” sê Butchart.

verdien word, is belastingvry, sê Butchart.

Die tesourie het ook voorgestel dat pensioen- en voorsorgfondse 'n bewaringsfonds moet hê om hul voordele te bewaar wanneer lede uit hul werk bedank. Daar is tans geen bewaringsfondsbeleid nie. Daar is ook nie 'n datum vir die inwerkingstelling van sodanige beleid nie. Uittree-annuïteitsfondse het 'n bewaringsfonds waaruit 'n mens nie geld kan onttrek voor die ouderdom van minstens 55 nie.

Wat gebeur as jou maatskappy nie 'n verpligte aftreefonds het nie?

'n Uittree-annuïteit (UA) is 'n goeie opsie, sê Renee Eagar, finansiële adviseur by Brenthurst Wealth. “'n UA is so 'n goeie belastingdoeltreffende voertuig. As jy tot 'n UA bydra, ontvang jy 'n taks-korting en daar is geen kapitaalwinstbelasting of aftreefondsebelasting in 'n UA nie. Dit beteken jou geld groei teen 'n reële opbrengs sonder dat jy taks in ag moet neem.” ■

terugvoer@finweek.co.za

MET INGANG VAN 1 MAART 2014 IS DIE VOLGENDE AANPASSINGS IN WERKING GESTEL OM VIR INFLASIE VOORSIENING TE MAAK. DIE AANPASSINGS IS OOK BEDOEL OM MENSE AAN TE SPOOR OM MEER VIR HUL AFTREDE TE SPAAR:

- Die belastingvrye bedrag van 'n onttrekking voor aftrede is nou R25 000 (voorheen R22 500); behoudens aggregasie.
- Die kumulatiewe belastingvrye bedrag by aftrede (ook aflegging en afsterwe) is nou R500 000 (voorheen R315 000). Bepaalde onttrekkings voor spesifieke datums kan uitgesluit word wanneer aggregasie toegepas word.
- Pensioenfondse en uitree-annuïteite word beperk tot 'n enkelbedrag van een derde by aftrede en twee derdes aan 'n lewens- of lewende annuïteit om 'n inkomste te genereer.
- Voorsorgfondse laat een onttrekking voor aftrede toe en volle toegang tot die totale enkelbedrag by aftrede, ofskoon dit weens die belastingimplikasies nie altyd aanbeveel word nie.

(BRON: Brian Butchart, besturende direkteur, Brenthurst Wealth)